

Dinsdag 14 April

Skrifgedeelte: Markus 10:46-52

Fokusgedeelte: Markus 10:46-52

Van blinde bedelaar tot dissipel van Jesus Christus

'n Blinde bedelaar word 'n volgeling (dissipel) van Jesus Christus deur die geloof. Dit is in kort die aangrypende geskiedenis van Bartimeus.

Die ewige Koning is op sy laaste reis voor sy kruisdood en opstanding. Hy is op pad na Jerusalem vir sy Koninklike intog (11:1-11), maar ook die dieptepunt van sy lyde. Op hierdie laaste reis is Hy omring deur 'n groot skare opgewonde mense. Maar hier by Jerigo, die eerste stad wat op wonderbaarlike wyse geval het met die intog in die beloofde land, die stad van die prostituut Ragab, die stad van Saggeus die tollenaar wat pas tot bekering gekom het, reik Hy uit na die eensame, blinde bedelaar. Hy hoor, uit al die stemme, hoe Bartimeus na Hom roep. En Hy hoor, en roep hom nader.

Bartimeus roep Hom aan as Messias met die titel "Seun van Dawid". Hy vra dat 'n Messiaanse teken aan hom mag geskied: "Dat ek mag sien." En dan gaan in vervulling wat Jesus in Matteus 11:5 aan Johannes die Doper gesê het: "Blindes sien weer ..." (vgl. ook Jes. 35:5). Jesus genees hom egter nie net van sy liggaamlike blindheid nie. Hy sê vir hom: "Gaan, jou geloof het jou gered." Hy word gered (verlos) deur die geloof. En hy volg Jesus.

So is ons ook verlos van ons geestelike blindheid. Ons is saam met Hom gekruisig en het saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe. Elke dag mag (en moet) ons Hom volg, uit dankbaarheid vir sy onverdiende genade. Dit beteken dat ons sy evangelie uitleef en uitdra in 'n verlore wêreld.

Hoeveel geestelike blindes gaan vandag jou pad kruis?

Sing: Skrifberyming 5-3:3, 4

Prof. CFC Coetzee (Callie) (Emeritus)